

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 192

(Januarie 1985)

Klein en nederig voor God

* * * * *

"In die goeie wedloop van die geloof moet jy al
jou kragte inspan en die ewige lewe as prys
behaal."

(1 Tim 6:12)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Ootmoed teenoor hoogmoed

Die Here Jesus sê in Lukas 18:14: "Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word en hy wat nederig is, sal verhoog word."

God kyk anders na 'n mens as wat een mens na 'n ander kyk. Die feit dat jy in die oë van mense, of in jou eie oë hoog aangeslaan word, beteken nie noodwendig dat jy in GOD se oë hoog aangeslaan word nie.

Juis die omgekeerde geld voor God:

God sien die nederige aan.

Fariseër

Christus vertel in Luk. 18:9-14 die gelykenis van die fariseër en die tollenaar wat na die tempel gegaan het om te aanbid.

Die fariseër kon nie dankbaar genoeg wees omdat hy nie so sleg is soos ander mense nie. Hy is só bly dat hy nie 'n dief of 'n bedrieër of 'n egbreker is nie. En hy is tog só bly dat hy nie so laag gedaal het soos die skelm tollenaar nie.

Die fariseër kan nie genoeg woorde vind om tot uitdrukking te bring hoe goed *Hy is nie*. Hy onderhou nie alleen die wet van God deur gereeld te vas en sy tiendes te gee nie — maar hy vas meer as wat nodig is, en gee selfs meer as wat van hom verwag word.

In sy eie oë is hy so 'n trappie beter as ander mense.

Kyk net na sy voorbeeldige lewe en sy skoon rekord.

+ Maar in die oë van God is hy glad nie so watwonders nie.

Hierdie fariseër het 'n groot fout gemaak:

Hy stel homself op die voorgrond en *nie vir God nie*.

In sy hele gebed hoor jy net:

Ek . . . Ek . . . Ek . . . !

- Vir hierdie fariseër is net *Hy* belangrik. Sy "*Eie-ek*" staan in die middelpunt van sy hele lewe. En daarom het hy nie plek vir God en vir sy eie sondebeseft in sy lewe nie.
- Hierdie fariseër toon 'n stewige beeld in die oë van die wêreld, maar voor God verkrummel hy.
- "Elkeen wat hoogmoedig is sal verneder word." Soos die spreekwoord sê: Sy hoogmoed het hom tot 'n val gebring.

Tollenaar

Die tollenaar het heeltemal anders gebid:

"O God, wees my, arme sondaar genadig." (Luk. 18:13).

Hy bid in opregte nederigheid en ootmoed tot God. Hy erken sy sonde.

En hy vra dat die Here hom genadig moet wees.

Sy eie persoon is so op die agtergrond dat hy selfs nie na die hemel wou opkyk nie.

Die tollenaar het 'n diepgewortelde berou oor sy sonde gehad.

Hy was hartseer oor sy sonde.

Hy het besef hoe swak en ellendig hy is.

Hyself is niks —

God is alles in sy lewe.

Daarom kom hy na God toe met die volle belading van sy sonde.

Hy weet: *God sal my genadig wees.*

Hy weet: *God sal hom sy sondes vergewe.*

- Hierdie tollenaar het na die Here toe gegaan met die gesindheid van Ps. 51:19: " 'n Gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie."
- In die oë van die wêreld was die tollenaar 'n opperste skelm. By die tolhuis waar hulle die belastings ingevorder het, het dit nie altyd so eerlik daaraan toegegaan nie. Maar God kyk anders na hierdie man.
- Wanneer jy berou het oor jou sonde, dan sien God jou in genade aan.
- Daar is nie 'n sonde te groot (behalwe die onvergeeflike sonde teen die Heilige Gees) wat die Here jou nie sal vergewe as jy met 'n bewoë gemoed en 'n hartseer hart oor jou sonde na Hom toe gaan nie.
- Vra die Here, pleit by Hom, smee Hom (in die geloof) om jou sondes te vergewe, en jy kan seker wees: God sal Sy belofte in Jes. 1:18 nakom: "Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal wit word soos wol."
- *God se genade is groter as ons sonde*
- Hierdie tollenaar was nederig, en daarom het God self hom verhoog.

Daarom kan ons met oorgegewenheid Ps. 138:3 sing soos so pragtig berym:

"Hy slaan, hoewel oneindig hoog,
op hul die oog
wat nederig lewe.
Maar sien van ver die kleinheid aan
van grootheidswaan
wat hoog wil strewe."

Ds. A. H. Grové

Vra sonder om te twyfel

Het u 'n goeie vriend? Dit is 'n voorreg!

'n Goeie vriend is iemand op wie jy ten volle kan vertrou en, as dit moet, ten volle op kan steun.

'n Vriend in voorspoed

'n Vriend in nood

'n Vriend in die dag

'n Vriend in die nag.

'n Ware vriend

In Luk. 11:5-8 vertel die Here Jesus in die gelykenis van so 'n vriendskap.

Lees dit maar gerus.

Dit is 'n goeie vriendskap.

Die een is al in die nag saam met sy huisgesin in die bed. Maar die ander een het in die nag 'n ander vriend in die huis ontvang. By hom het 'n noodsituasie ontstaan en hy moes kos van iewers kry en al die besighede was reeds toe.

Dit was in die nag!

Dan neem hy die vrymoedigheid en gaan na die vriend se huis. Hy gaan en vra hom sonder huiwering. En juis die feit dat hy nie twyfel in sy vriendskap nie en sonder huiwering vra, laat die een wat al in die bed is, net sê dat hulle al in die bed is. Maar gee tog wat hy nodig het.

Daar word nie verskonings gesoek of selfs gelieg dat hy nie brood in die huis het nie. Dit is net op 'n moeilike tydstep.

Daar word met vrymoedigheid gevra.

En wat nodig is word gegee. My gewaardeerde Leser, is jou verhouding ook so tot God? Die Here Jesus vertel juis aan ons die gelykenis dat ons 'n ietsie moet kan verstaan en begryp van hoe ons verhouding tot God moet wees.

Jou vriend het selfs in die nag die vrymoedigheid om na jou toe te kom met sy nood.

Hoeveel te meer kan ons die vrymoedigheid neem om na God toe te gaan?

God sluimer of slaap nie. (Psalm 121)

God is dag en nag wakker en sien om na ons behoeftes. Jy sal tog veel eerder na jou vriend gaan as hy wakker is.

Tog is daar selfs vrymoedigheid om na hom toe te gaan selfs al slaap hy.

So leer Christus ons dat ons te alle tye en onder welke omstandighede met al ons node na God toe kan gaan, wat selfs oor ons waak terwyl ons heerlijk slaap.

Wat jy ookal *nodig* het:

- *Vra sonder twyfel*
- *vra Vrymoedig.*

En God sal aan jou gee alles wat jy nodig het na liggaam en siel. Al stel God ook die verhoring van jou gebed 'n bietjie uit — *Hy het nie van ons vergeet nie.*

Maar voordat die nood op breekpunt kom sal God gee, want só beproef God ons geloof en vertrou.

So 'n verbinding wil die Here God in ons verhouding tot Hom hê.

Vol vertrouwe

toegewyd.

Moenie skaam wees om van God te vra nie.

Hou aan vra . . . nie net vra en loop nie.

Maar volhard in die gebed.

Ds. Andries H. Mulder.

Volhardende bidders

"Ek het gebid . . . en wéér gebid . . . en nog 'n keer gebid!

Maar dit voel . . . maar dit voel komplete asof God my nie hoor nie. Ag ja . . . nou het ek maar uit moedeloosheid opgehou om te bid".

Dit, geagte Leser, is so tipies van ons mense. Ons is lamsakkige bidders. Baie gebede dra die karakter van eiesinnigheid en selfvoldaanheid. En as dit sogenaamd lyk asof God nie hoor nie . . . word ons moedeloos en lamsakkig!

Daarteenoor lees ons so telkens in die Bybel:

- *Volhard* in die gebed (Kol. 4)
- Moenie moed opgee nie (2 Kor. 4)
- Bid *sonder* ophou (1 Thess. 5).

Of gaan lees gerus die gelykenis in Lukas 18 ... 'n gelykenis wat Jesus juis vertel om die mens op te wek juis om *aan te hou bid* sonder om moedeloos te raak.

Ja, só leer Jesus sy kind:

'n Gelowige mens moet volhard in die gebed. Hy *mag* nie moedeloos word nie.

Hy moet allermens ophou met bid

Soos die weduwee van Luk. 18 is elkeen van ons. Want die weduwee is in die Bybel die toonbeeld van hulpeloosheid en ellende.

Beeld van totale afhanklikheid. En al het hierdie weduwee met 'n harde en ongenaakbare regter te doen, volhard sy telkens in haar aandrang tot hom.

Daarteenoor het ons in Christus nie 'n harde nie, maar 'n liefdevolle regter. Hy is nie ongenaakbaar nie, maar vol deernis. Dis soos die profeet Jesaja sê in hoofstuk 59:1 "Die arm van die Here is nie te kort om te help nie, en Sy oor is nie te doof om te hoor nie."

Daarom moet ons bid . . .

- weer bid . . .
- nog 'n keer bid . . .
- volhard om in die geloof te bid . . .

In die geloof dat Jesus Christus ons sal verhoor. En as dit vir jou voel asof jou gebede nie verhoor word nie . . .

- moenie moedeloos word nie
- hou allermens op met bid!

Volhard in u gebede . . .

God hoor jou tog . . . arme sondaar!

Ds. Nico Ligthelm.

Die groot maaltyd

(Matt. 22, en Luk. 14)

Die twee gelykenisse oor die groot bruilof (Matt. 22) en die groot maaltyd (Luk. 14) toon sekere ooreenkomste, maar ook baie belangrike verskille.

Heelwaarskynlik het Jesus by twee verskillende geleenthede min of meer dieselfde gelykenisse gebruik om 'n bepaalde waarheid tuis te bring.

En die sentrale waarheid van die twee gelykenisse kan ons so verduidelik:

Die bruilof is gereed maar die genooies is dit nie werd nie — want baie is geroep maar min is uitverkies.

Die beeld van 'n bruilof of feesmaaltyd in die Bybel dien meermale as 'n voorstelling van die Koninkryk van die hemele. Die vorgelaaide tafel en die feestelike stemming spreek van die rykdom aan genade en volle saligheid wat die Here vir Sy uitverkorenes voorberei het. Aan 'n gemeenskaplike tafel sit die gaste saam met die Gasheer aan om in die vreugde te deel.

Ook hierdie twee geleenthede van fees wat hier vertel word is baie mense uitgenooi. Reeds lank voor die tyd het die gaste volgens die destydse gebruik, 'n algemene uitnodiging ontvang. En as die fees dan gereed is, ontvang hulle 'n meer besondere uitnodiging — maar nou blyk dit dat hulle onwillig is.

En dan volg selfs 'n derde uitnodiging waarby die oorfloed van die feesmaal aanloklik voorgedhou word: "Die maaltyd is reg, die beste en vetgemaakte vee is geslag, en alles is gereed. Kom na die bruilof toe."

Maar dan word daar tog so baie verskonings aangevoer: "Die een het na sy stuk grond en 'n ander een het na sy werkplek toe gegaan."

- "Ek het 'n stuk grond gekoop . . ."
- "Ek het vyf paar osse gekoop . . ."
- "Ek is pas getroud . . ."
- "Ek vra u, verskoon my asseblief."

Hulle wat die eerste reg gehad het om by die koning se feesmaal aan te sit, het deur hulle onverskilligheid die voorreg verbeur. So het Israel, die verkore volk van God die Messias, Jesus, verwerp. Die woorde van die apostels het hulle geminag. Die fees van God se genade in Jesus Christus — daaraan wou hulle nie deel hê nie. Maar al daag die genooies nie op nie — die bruilof gaan voort. Uit die strate en uit die gangetjies van die stad word die armes en blindes en kreupeles en verlamdes genooi.

Die feesmaaltyd neem in aanvang want die feesaal is vol.

As die Israëliete die heil wat die Here aangebied het in die Here se aangesig terugwerp, dan word Sy genade aangebied aan 'n nuwe Israel, die ware Israel, Sy uitverkorenes, wat *Hy* saamroep uit alle nasies en volke en tale — almal wat op Sy roepstem ag gegee het. Deur hierdie gelykenisse kom die roepstem van God vandag nog tot ons:

- Hy bly steeds besig om mense te roep en uit te nooi na die bruilofsmaal van die *Lam*.
- En nog steeds geld die woord: "Baie is geroep maar min uitverkies." Deur Sy Woord en Gees word u uitgenooi na die hemelse feesgeleentheid.
- 'n Tafel rykbelaaie met Sy verlossende genade in Jesus Christus.

Wat is u reaksie?

Is dit 'n antwoord van positiewe geloofsaanvaarding?

Of is dit 'n antwoord van negatiewe onverskilligheid en flou verskonings?

Dink goed daaroor na. U word daaglik deur die Here geroep.

Beywer u dan om u roeping vas te maak en dit deel van u te maak en ook die feit dat u hier lees dat God u ook verkies het tot die maaltyd, met u teenwoordigheid vas te maak:

- + Om in dankbare gehoorsaamheid ag te gee op Sy roepstem,
- + Om u lewe tot eer van God op die altaar te lê.

En wees versekerd: "Deur Sy genade is daar vir u 'n ereplek berei aan die feesmaal van u Koning en u God!"

Ds. Pieter van der Walt.

Verskonings???

Daar is mos 'n spreekwoord wat sê: "Dood het 'n oorsaak." En dan bedoel ons mos daarmee — en ons beskryf die tipies menslike probleem: *Elke mens probeer hom altyd verontskuldig.*

Jy ken dit mos:

- *my foute . . . nie so erg soos die buurman s'n nie.*
- *my tekortkominge . . . nie so baie soos ander s'n nie.*
- *my sondes . . . ek het 'n goeie rede daarvoor en dit is ook glad nie só erg nie.*

Dis soos Christus sê: Die splinter in my broer se oog sien ek raak, maar die balk in my eie oog kyk ek mis.

En weet jy, Geliefde Leser, veral in die kerk is verontskuldiging oneindig in getal . . .

- as iemand nie in die kerk kom nie . . .
- as hy geen dankbaarheid openbaar deur by te dra nie . . .
- of as hy nou nie huisgodsdienste hou nie . . .
- of as hy selde in die Bybel lees. . .
- of as hy selde bid . . .

Gaan praat gerus met so 'n persoon . . . en jy sal verbaas wees hoe onskuldig hy kan wees . . . hoeveel verskonings hy kan uitdink en onbeskroomd kan aanbied.

Gaan lees dan nou gerus daardie gelykenis van die Here Jesus in Lukas 14. 'n Groot maaltyd is berei. Die genooies moet kom. Maar luister net:

- een sê: "Ek het 'n stuk grond gekoop, en moet daarna gaan kyk. Verskoon my!" (Luk. 14:18)
- 'n ander weer: "Ek het tien osse gekoop en gaan hulle probeer. Ek kan nie kom nie. (Luk. 14:19)
- 'n derde: "Ek is pas getroud!" Ek kan nie kom nie. (Luk. 14:20) In vers 18 staan: "Hulle het almal begin verskonings maak" — verontskuldigings — redes opdiep.

Dood het mos 'n oorsaak!

Nee, so maklik kan geen mens hom voor die Almagtige God verontskuldig nie. *Inteendeel* het jy al daaraan gedink:

God het geen verskonings uitgedink toe Hy sy *enigste* Seun, Jesus Christus, gestuur het om vir jou sondes te sterf nie.

In liefde en uit genade het God *alles* gegee selfs die lewe van Sy Seun!

Sal ons dan nog verskonings uitdink om God nie te dien nie???

Nee, ons sal opstaan en aan God sê:

Vader, ons het swaar en menigmaal teen U oortree.

Wees my tog net genadig.

Ds. Nico Ligthelm.